# KINDERKERK LES: Paasfees

**Doel van les:**

- Ons herdenk Paasfees deur nagmaal te hou saam met die kinders. Ons leer dat Jesus 'n spesiale ete gehou het met Sy dissipels sodat ons altyd kan onthou wat Hy vir ons kom doen het aan die kruis. Ons leer dat die graf leeg is en dat Jesus leef.

**Ysbreker 1: Geheue speletjie** – Gee vir elke groep 'n skinkbord met 10 items op en 'n lap om oor dit te gooi sodat niemand kan sien nie. Haal die lap vir 15 sekondes af sodat die kinders kan kyk wat op die skinkbord is. Maak die items weer toe met die lap, en kyk wie die meeste items kan onthou. Die groepe kan dan skinkborde ruil sodat daar 4 rondtes gespeel word, elke keer met 'n ander skinkbord.

**Ysbreker 2 – Onthou vragies**: Vra vir die kinders 'n aantal vragies waarin hulle sekere dinge moet onthou. Dit dien as inleiding vir die nagmaal wat later gehou word.

**Sê:** Ek wil julle gou 'n paar vragies vra om te kyk wie baie mooi kan onthou. Is julle reg?

**Vrae vir Ysbreker:**

- Wie kan onthou wat hulle vanoggend vir ontbyt geëet het?
- Wie kan onthou wat hulle verlede Dinsdag vir ontbyt geëet het?
- Wie kan onthou wat hulle beste vriend/in se naam is?
- Wie kan onthou wat julle dokter se naam is?

**Vra:** Watter vragies was die maklikste om te antwoord? Die "wat het jy vir ontbyt geëet" vragie was die maklikste. Dis natuurlik omdat dit nie te lank terug gebeur het nie. Met die naam vragie was dit die maklikste om die naam te onthou van die persoon met wie jy die meeste tyd spandeer.

Wanneer mens iets wil onthou, hou jy dit gewoonlik naby jou, soos bv. 'n foto, sodat jy dit kan uithaal, en daarna kan kyk wanneer jy wil, of dit iewers sit waar jy dit kan sien. Jy wil dit nie vergeet nie, so jy kyk dikwels daarna om dit altyd te kan onthou.

Kinders van Jesus het ook binnekort so spesiale laaaaang naweek, dan onthou ons ook iets. Wie dink hulle weet wat dit is? Ons kry rondom hierdie tyd sjokolade eiers en hotcross buns in die winkels. Dis Paasfees. Wie dink hulle weet wat ons onthou oor Paasnaweek? Ons onthou hoe Jesus aan die kruis gesterf het vir ons sondes, en ook hoe Hy na drie dae weer opgestaan het.

Kinders van Jesus regoor die wêreld hou spesiale dienste daardie naweek. Maar weet julle ons moet altyd onthou wat Jesus aan die kruis vir ons kom doen het. Nie net een naweek in 'n jaar nie.

Jesus wou hê dat ons nooit moet vergeet dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het nie. Hy het geweet dat ons soms baie besig raak, en dit net dalk mag vergeet. Hy het gesê dat ons Sy dood moet onthou en ook 'n manier gegee hoe ons dit kan onthou. Wat dink julle is dit?

Jesus het die nagmaal vir ons gegee. Vanaand gaan ons van hierdie spesiale ete leer wat julle al baie gesien en gebruik het in die kerk, maar dalk nie presies weet hoekom ons dit doen, of wat dit beteken nie.

**Sê:** By daardie spesiale ete, het Jesus en Sy vriende brood geëet. Maar ons het nou nie brood nie. Ons sal maar gou moet maak...

**Aktiwiteit:**

Hierdie is ‘n resep vir brood.  Laat van die kinders die bestandele ingooi. Terwyl jy die brood knie vra: Kan julle aan tye of vakansiedae in die jaar dink waar ons iets belangriks onthou?  Ons het Kersfees waar ons Jesus se geboorte onthou, en Paasfees waar ons onthou dat Jesus vir ons aan die kruis gesterf het, en opgestaan het op Paas Sondag.

<u>Ongesuurde Brood</u> (matzah):

4 koppies meel

3/4 koppie margarien

1/2 Koppie bruin suiker

1/4 Koppie heuning

1/2 koppie water

Gooi al die bestanddele saam, knie vir ‘n paar minute.  Deel die deeg in die helfte.

Maak twee 2 sentimeter deursnee, 1 sentimeter dikte sirkels.

Bak teen 180, 20-25 minute in ‘n ongesmeerde pan

Deel Bybelse klere vir grootmense en kinders uit om gou aan te trek.  (Lokaal kan omskep word deur lae bankies uit te pak waarby die kinders kan sit, en kussings neer te gooi vir hulle om op te sit. Maak van die spesiale brood vooraf om tydens die nagmaal te gebruik.  Gooi ‘n bietjie druiwesap in glasies om tydens die nagmaal te gebruik.

## Die eerste Nagmaal

Dit is Paasfees in Jerusalem.  Met Paasfees se die Jode weer vir God dankie.  Hulle sê vir die Here: “Dankie dat U die Israeliete uit Egipte laat trek het.  Dankie dat U vir hulle gesorg het.”

Dan slag hulle ‘n lammetjie en eet spesiale brood.

Jesus en Sy dissipels vier ook Paasfees, maar Jesus lyk hartseer. (maatjies, kom ons probeer om hartseer te lyk.  Hoe lyk ‘n hartseer gesiggie?)  Hy sê: “Een van julle gaan My verraai.  Een van julle gaan my vyande help om My te vang.”

Die dissipels skrik.  (kom ons skrik saam.  Hoe sal iemand lyk wat skrik?)  Wie van hulle sal so iets doen?  “Wie is dit, Here?”  vra hulle.  Die ander dissipels weet nie van Judas se planne nie.  Judas is ook ‘n dissipel.  Hy sit saam met hulle aan tafel.  Jesus gee vir hom ‘n stukkie brood om te eet en sê: “Dit is hy wat saam met My eet wat My gaan verraai.”  Judas het nie regtig vir Jesus lief nie.  Hy maak maar net of hy Hom liefhet.  Hy luister vir Satan.  Satan het vir hom gesê hy moet Jesus se vyande help om Hom te vang.  Judas staan van die tafel af op, en loop uit.  Weg van Jesus af.  Jesus weet Hy moet sterf.  Jesus wil hê ons moet altyd onthou dat Hy vir ons sondes gesterf het.

(Vra nou vir elke kind om hulle stukkie broodjie op te tel)

**Sê:**  Maatjies, ons gaan nou nagmaal hou om te onthou wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Voordat ons dit gaan doen, sê die Bybel moet ons iets belangriks doen.  Ons moet enige sonde wat ons gedoen het voor die nagmaal na Jesus toe bring en vra dat Hy ons vergewe.  Ons kan nie nagmaal hou as daar dalk sondes is, wat ons nog nie na Jesus toe gebring het nie.  Kom ons maak ogies toe en dan gaan ek vir ons bid.  Here Jesus, ek bring my sondes na U toe, en vra dat U my sal vergewe.  Kom was asb. my hartjie skoon. Amen.

Ek gaan die storie nou verder vir julle vertel, en julle moet nou mooi luister en doen soos wat Jesus dit vir ons in die Bybel gesê het.

Jesus neem toe die brood en breek dit en gee vir elke dissipel ‘n stukkie. Hy sê: “Dit is My liggaam. Eet dit en onthou My.” Toe neem Hy die wyn en nadat Hy vir God dankie gesê het, gee Hy vir elkeen ‘n bietjie wyn om te drink en sê: “Dit is My bloed wat al julle sondes weg was.”

Dit was die eerste Nagmaal.

**Vra:**

- Kan julle onthou wat die broodjie beteken? (Jesus se liggaam)
- Kan julle onthou wat die druiwesap beteken? (Jesus se bloed)

Vandag vier mense wat in Jesus glo nog altyd die Nagmaal. Dan onthou almal wat Hom liefhet: God het Jesus gestuur om ons sonde weg te neem. (Geneem uit Ons eie Kleuterbybel)

**Illustrasie om die Opstanding uit te beeld.** Kry 2 stelle van 3 koeverte vir hierdie illustrasie en dan ook 1 groot koevert waarin die ander koeverte kan pas, asook ‘n R1 geldstuk. Die een stel koeverte kry jy voor die tyd reg en sit dit in die groot koevert. Niemand mag weet dit is in die groot koevert nie. Merk dit op ‘n manier sodat net jy weet watter stel die geld in het, en watter stel leeg is. Die twee stelle moet identies lyk, so as jy een koevert opgevou het om in die ander te pas, moet die ander stel ook so lyk.

**Illustrasie:** Maatjies, ek het julle nou vertel van Jesus wat gesterf het aan die kruis, maar dis nie waar dinge geïndig het nie. Jesus is nie meer dood nie, Hy het drie dae later opgestaan en Hy leef. Kom ons hoor wat gebeur het.

(Neem die R1 en ‘n klein koevert) Kom ons sê die R1 is Jesus. Nadat Jesus daardie Vrydag aan die kruis gesterf het, het een van Jesus se vriende, Josef, Jesus se liggaam van die kruis afgehaal en Sy liggaam in skoon materiaal toegedraai. (Sit die R1 in die eerste koevert en maak die koevert toe met ‘n stuk kleeflint – onthou om dieselfde te doen met jou ander stel koeverte met die verskil dat in daardie koevert jy geen R1 sit nie, want dit wys Jesus het opgestaan.)

Toe het hy Jesus se liggaam in ‘n nuwe graf gaan begrawe. Die graf was in ‘n rots uitgekap. (Kry die tweede koevert en sit die eerste koevert met die R1, binne in.) Josef het toe ook ‘n groot klip voor die graf gerol. (Sit die twee koeverte binne in derde koevert wat groter is.) Maar die mense wat Jesus laat kruisig het, was bang iemand steel Jesus se liggaam so hulle het vir Pilatus gevra om wagte te stuur om Jesus se graf op te pas. Daar was toe wagte wat gekom het en voor daardie klip gestaan het om te kyk dat niemand Jesus se liggaam steel nie. (Sit koeverte in die groot koevert saam met die ander voorbereide een sonder R1.)

Vroeg daardie Sondagoggend stap twee vrouens wat baie lief was vir Jesus, na Sy graf toe. Toe hulle naby die graf kom, was daar ‘n groot aardbewing. (Maatjies, kom ons staan op en maak asof daar ‘n aardbewing is.) Weet julle wat het toe gebeur? ‘n Engel van die Here het skielik verskyn en die groot klip voor Jesus se graf weggerol. Die wagte het so groot geskrik vir die Engel dat hulle sommer flou geval het. (Haal die stel koeverte sonder R1 uit die groot koevert en haal ook die volgende koevert wat klip verteenwoordig het ook uit en maak dit oop) Die Engel sê vir die vrouens dat hulle nie moet bang wees nie, want Jesus het opgestaan. Sy graf is leeg en hulle moet ingaan en vir hulself sien. (Maak volgende koevert oop en net die koevert wat leeg is binne met kleeflint op sal oorbly.) Toe die vrouens binne die graf kyk, het hulle Jesus glad nie gesien nie. Weet julle wat? Skeur die laaste koevert heeltemal oop – God het vir Jesus lewendig gemaak!

Elke Paasfees dink ons aan Jesus wat aan die kruis gesterf het vir ons sondes, maar ons kan ook weet Hy is nie meer in die graf nie, Hy het opgestaan, Hy leef en Hy is die pad vir ons hemel toe.

Sluit af met gebed.